

**MEGANIESE TEKENING**

**GEGEE:**

- 'n Isometriese tekening van die gietstuk.
- Die pylpunt wat die rigting van die vooraansig aandui.
- Die vooraansig, regteraansig en bo-aansig van 'n gietstuk in derdehoekse ortografiese projeksie.

**INSTRUKSIES:**

Beantwoord hierdie vraag op bladsy 29.

Teken volgens skaal 1 : 1 en in derdehoekse ortografiese projeksie, die volgende aansigte van die gietstuk.

- 'n Deursnee vooraansig gesien van rigting van die pyl soos aangedui op die isometriese tekening. Gebruik die snitlyn A - A.
- 'n Bo-aansig. Toon alle verborge besonderhede.
- 'n Deursnee regteraansig volgens snylyn B - B.

**NOTA:**

- Beplan die beginposisies noukeurig voor jy die tekening begin.
- Hierdie tekening moet aan die SANS 10111 standarde voldoen.

Toon die volgende op die tekening:

- Die snylyn A - A in die bo-aansig
- Die snylyn B - B in die vooraansig.
- Die projeksie simbool van die stelsel gebruik vir hierdie tekening.
- Tussen 5 mm gidslyntjies, verskaf die tekening van 'n titel en skaal in die gegewe titelblok.

GIETSTUK  
SKAAL 1 : 1

[46]

